

Verseker optimale winste deur die aanvulling van fosfaat in die somer

*Alina Taute
KK Animal Nutrition*

Na 'n koue en plek, plek selfs nat winter, is dit amper weer tyd vir die somer om sy opwagting te maak. Saam met die koms van die somer verbeter die kwaliteit van die weiding en kan oorgeskakel word van winterlekkie na slegs sout-fosfaat aanvullings.

Inleiding

Die belangrikste beperking in die benutting van wintergras deur herkouers is 'n tekort aan proteïen in die gras. 'n Proteïen tekort veroorsaak verlaagde mikrobe produksie en werking met 'n gevolglike verlaagde voerinnome en massaverlies van weidende diere. Om hierdie probleem te oorkom en massaverlies in die wintermaande tot die minimum te beperk, word proteïen gebaseerde onderoudslekkie aan diere beskikbaar gestel. Dit stimuleer mikrobe produksie en verhoog sodoende vrywillige gras-inname.

Die somer, met sy groen, sappig gras, gee egter vir ons 'n heeltemal ander prentjie. Groen somerweiding het voldoende proteïen en energie om in die weidende dier se behoeftes te voorsien. Suid Afrika is egter 'n fosfaat (P) arm land met 'n gemiddelde P inhoud van 0.12 % in vegetatiewe (groen) gras en 0.06 % P in wintergras. Die vraag wat nou ontstaan is waarom hierdie lae P inhoud van gras 'n probleem is. Deur hierdie artikel word gepoog om hierdie vraag te beantwoord en ook te kyk na hoe fosfaat aangevul kan word.

Fosfaat – 'n belangrike mineraal

Fosfaat is 'n makromineraal wat deur alle diere benodig word. Biologies is hierdie mineraal betrokke by verskeie metaboliese, neurologiese en sellulêre funksies. Fosfaat speel veral 'n sleutel rol as 'n energie bron (ATP) vir selle, is betrokke by bloed-buffer sisteme asook die aktivering van verskeie B vitamien en is ook 'n komponent van genetiese materiaal. Behalwe vir hierdie funksies, werk P ook saam met kalsium (Ca) in die onderhoud en ontwikkeling van gesonde bene (skelet) en tande.

Bogenoemde funksies van fosfaat beteken dus dat 'n tekort aan P kan lei tot 'n algehele verlaging in diereproduksie. Tekens van 'n P tekort in vleisbeeste sluit onder andere in 'n verlaging in vrywillige voerinnome, 'n verlaagde groeitempo van kalwers, verlaagde kosepsie syfers, anestrus (diere kom nie op hitte nie) en 'n verlaagde melkproduksie. Diere wat aan 'n P tekort lei, is gewoonlik maer en lusteloos en het ook 'n dowwe en ru haarkleed. Verlaagde reproduksie kan egter 'n sekondêre effek wees as gevolg van 'n verlaagde proteïen en energie inname (laer gras inname) wat veroorsaak is deur 'n P tekort.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat 'n tekort aan fosfaat 'n invloed het op dië faktore wat aan die produsent se sak gaan raak. So byvoorbeeld sal 'n verlaagde kosepsie syfer beteken dat die produsent minder kalwers het om te verkoop en 'n swak groei van 'n speenkalf beteken dat die produsent minder vleis het om te verkoop. Dit is dus uiters belangrik dat 'n produsent deur die regte aanvulling van fosfaat sal verseker dat hy nie (soms onwetend) inkomste inboet as gevolg van verlaagde diereproduksie nie.

Aanvulling van Fosfaat

Die mees algemene manier vandag om fosfaat aan te vul, is deur middel van lekke. 'n Groot verskeidenheid fosfaat produkte is vandag in die mark beskikbaar. Een so 'n produk is KK Animal Nutrition se PhosSure 12. Hierdie produk het 'n aantal eienskappe wat hom uniek maak ten opsigte van ander fosfaat produkte in die mark.

Dit gebeur dikwels dat produsente onwillig is om gedurende die reënseisoen fosfaat lekke te voer omdat die reën groot lekverliese kan veroorsaak. Indien produsente wel lekke gee is innames daarvan dikwels laag vanweë die smaaklike groen weiding wat beskikbaar is asook die reën wat die lekke kan laat muf. Om hierdie probleme te oorkom en lekverliese tot die minimum te beperk, het KK Animal Nutrition, PhosSure 12 ontwikkel. PhosSure 12 is 'n hoë kwaliteit, MDCP gebaseerde produk wat 'n unieke sproeigedroogde melasse bevat om die produk reënbestand en smaaklik te maak. 'n Harde beskermende lagie word bo-op die produk gevorm sodra reën daarop val. Diere leer gou om deur hierdie harde lagie te breek en die droë lek verder te vreet.

Behalwe vir sy reënbestandheid is PhosSure ook smaaklik om voldoende inname van P te verseker. In hoë reënval gebiede vind verhoogde logging van spoormineraal uit die grond dikwels plaas. PhosSure 12 is dus verryk met verhoogde vlakke van die belangrikste spoormineraal in die regte verhouding tot fosfaat om die spoormineraal tekorte wat mag voorkom aan te vul.

Tabel 1 gee 'n somerlek met PhosSure wat gebruik word vir die aanvulling van fosfaat in die somer.

Tabel 1 Somerfosfaatlek met PhosSure 12

Grondstowwe	Kg/mengsel
PhosSure 12	500
Sout	450
Voergraad Swael	50
Totaal	1000
Inname, g/dag (beeste)	100 – 200
Inname, g/dag (skape & bokke)	18 - 36

Opsomming

Fosfaat is 'n makromineraal wat 'n groot invloed het op die ekonomies belangrike faktore van 'n vleisbees produksie eenheid. Deur gebruik te maak van 'n weerbestande lek soos PhosSure 12, word lekverliese as gevolg van reën en muf tot die minimum beperk terwyl diere van die regte hoeveelheid fosfaat voorsien word vir optimale produksie.

Vir verdere inligting kontak 'n KK Animal Nutrition Voedingkundige by 012 665 5797.